

ROMEO EN JULIET

SHAKESPEARE IN AFRIKAANS

Bernard Miles

DIT is die storie van 'n bitter twis tussen twee ryk en invloedryke families, en die leed en smart wat dit oor albei families gebring het.

Dit het meer as vyfhonderd jaar gelede gebeur in Verona 'n klein dorpie in die noorde van Italië. Die vanne van die twee families was Montague en Capulet, en die twis was so oud dat niemand meer kon onthou hoe dit begin het nie; miskien het 'n lid van die een familie iemand van die ander familie beledig, of dalk was dit net 'n skinderstorie wat begin is deur 'n buitestaander, glad nie familie van die Capulets of die Montagues nie. En met die jare het die twis al hoe erger geword en elke geslag het dit aangehelp totdat die twee families in die openbaar en in die strate en selfs in die kerk getwis en baklei het. In daardie dae het al die jongmanne vlymskerp swaarde en dolke gedra en van kleins of geleer om dit te gebruik, en dit was gevaarlik om in die strate van Verona te stap as 'n groep ondersteuners van die familie Capulet, hul vyande, die Montagues, raakloop en tot 'n swaardgeveg uitdaag. Die Prins van Verona

hetdikwel probeer vrede maak tussen die twee families, maar dit het niks gehelp nie en die getwis en bakleiery het al hoe erger geword.

Die familie Montague het'n seun gehad. Sy naam was Romeo. Hy was sewentien jaar oud, donker van kleur en mooi en saggeaard. Hy het nie die familie Capulet gehaat nie. Hy het besef dat al die getwis en bakleiery sinneloos was. Boonop was hy verlief op 'n mooi jong meisie, Rosaline, en hy wou haar liefde wen en met haar trou en gelukkig en in vrede saam met haar lewe. Maar Romeo was 'n goeie swaardvegter en dit is byna seker dat hy ingesleep sou word as daar 'n geveg ontstaan tussen die ondersteuners van die familie Capulet en die jongmans wat aan die kant van die familie Montague is.

Die Prins van Verona was later so kwaad oor hierdie onnodige getwis dat hy sy raadsmanne byeengeroep en 'n nuwe wet gemaak het. Enigiemand wat weer in die straat baklei, sal ter dood veroordeel word. 'n Rukkie lank het dit

goed gegaan; die bendes het uit die strate gebly en daar was vrede in die dorp Verona.

Romeo het twee goeie vriende gehad, Benvolio en Mercutio. Benvolio was 'n Montague, maar Mercutio het aan geeneen van die twee strydende families behoort nie. Benvolio was verstandig, getrou en dapper, die soort vriend wat 'n meisie graag by jou wil hê as daar moeilikheid is. Mercutio was weer heeltemal anders. Hy was ook 'n getroue en dapper vriend maar vol sêgoed en met 'n mooi humorsin; 'n jongman wat graag met mense die gek geskeer het. Hy en Benvolio het Romeo dikwels geterg omdat Romeo op Rosaline verlief is. “Wat hetjou besiel om op Rosaline verlief te raak?”wou hulle weet. “Daar is so baie meisies in Verona wat net so mooi Rosaline is en jy kan net vir hulle ogies maak en hulle kom na jou toe aangehardloop”. En dit, was heeltemal waar. Romeo was 'n mooi jongman, maar vir hom was daar net een meisie, Rosaline.

Rosaline was baie mooi, ja, maar daar was een meisie in Verona wat nog baie mooier was, so mooi dat mense gesê het sy is die mooiste meisie in die wêreld. Sy het lang goud-rooi hare gehad en grys-groen oë en 'n lenige liggaam, en as sy glimlag was dit asof die hemele oopgaan en sonskyn die aarde kus. Haar naam was Juliet en sy was die enigste dogter van die familie Capulet. Juliet was nog jonk, pas veertien, maar sy was so verstandig in haar doen en late dat 'n mens gedink het sy is baie ouer. Sy het in haar ouers se huis gebly saam met 'n ou oppaster wat na haar gekyk het toe sy nog 'n klein babatjie was en later vir haar geselskap gehou het.

Toe Paris, 'n jong familielid van die Prins van Verona, vir Juliet se vader vra om met sy dogter te trou, het die ou man Capulet eers nie geweet wat om te sê nie. Juliet was eintlik glad te jonk om te trou, maar as sy met 'n familielid van die Prins trou, kan die familie Capulet een van die vername families van Verona word, en dit is 'n kans wat 'n mens darem nie moet versmaai nie. Daarom sê die ou man Capulet vir Juliet om

vriendelik te wees met Paris en hom te probeer liefkry. In daardie dae moes jong meisies doen presies soos hulle ouers wou hê. Juliet moes dus haar vader gehoorsaam wees. Paris was jonk en ryk en aantreklik, en ofskoon Juliet hom nie goed geken het nie, het sy geweet dat haar vader vir haar 'n wonderlike bruilof sal gee en dat almal sal sê hoe gelukkig sy is om die bruid van een van Verona se vername jongmense te wees.

Die ou man Capulet en sy vrou was so in hul skik toe Juliet instem om met Paris te trou dat hulle besluit het om vir hul vriende en familie 'n dansparty te gee. En Paris moet natuurlik ook daar wees sodat Juliet met hom kan dans en hom beter kan leer ken. En hulle sal die hele nag deur dans en vrolik wees en die mans sal maskers en fantasiekostuums dra sodat hulle moeilik uitgeken kan word en die meisies sal groot pret hê om te probeer raai met wie hulle gedans het.

Toe Mercutio van die dansparty hoor, daag hy Romeo en Benvolio uit om hulle te vermom sodat hulle verby die deurwagte kon glip en die

dansparty van die familie Capulet kon bywoon asof hulle ook regtig uitgenooi is. Dan kan Romeo self sien dat Rosaline nie die enigste mooi meisie in Verona is nie en dit sal hom baie goed doen. Dit sal natuurlik baie gevaarlik wees vir hulle om die dansparty by te woon, want as die Capulets agterkom daar is 'n Montague, sal 'n geveg ontstaan, veral deur Juliet se neef Tybalt, wat 'n vinnige humeur en nie 'n bang haar op sy kop het nie. Hy sou smoorkwaad wees as hy moes uitvind dat twee Montagues. daarin geslaag het om by hulle dansparty in te glip. Maar dit sal groot pret wees. Rosaline sal ook daar wees en Romeo sal met haar dans en haar dalk na 'n stil plekkie in die maanverligte tuin neem. Daar sou by met haar alleen kon gesels en haar vertel hoe lief hy vir haar is.

Romeo, jonk en sterk, dink glad nie aan die gevaar nie en stem sommer dadelik in. Hy trek hom aan soos 'n reisiger wat pas teruggekom het uit die Heilige Land, van die plekke waar Jesus sy wonderwerke gedoen het: Nasaret en Jerusalem en die See van Galilea en die Olyfberg en

Golgota, waar Hy gekruisig is. Hierdie reisigers is pelgrims genoem. En die mense het geglo dat as so 'n pelgrim hulle aanraak en seën, hulle ook sal deel in die heiligheid van die plekke wat by besoek het. As Romeo hom soos 'n pelgrim aantrek en sy masker opsit, sal niemand hom herken nie.

Romeo het 'n bokleed, gelap en geskeur, by 'n vriend geleen en 'n paar sandale wat so verslete was dat dit gelyk het asof by so pas na 'n lang, lang reis uit die Heilige Land teruggekom het. Met hierdie klere aan, was hy byna onherkenbaar. Net sy oë agter die masker en sy mooi sagte stem kon verraai wie hy is, sy oë en sy stem wat hy nooit kan verberg nie.

Mercutio het 'n helderkleurige tulband en grasieuse kleed in die hande gekry en hom soos 'n Indiese prins aangetrek, en Benvolio was 'n soldaat, so pas van die slagveld of terug. Hulle het almal baie goed geweet hoe gevaarlik dit is om die dansparty by te woon, maar hulle was jonk en avontuurlustig en as hulle dit regkry, sal

hulle iets hê om weke lank oor te gesels. Hulle het glad nie aan die gevaar gedink nie, maar hulle was so goed vermom dat hulle maklik die deurwagte geflous het.

Die drie jongmans stap die danssaal binne. Hulle groet die gasheer en sy vrou en beweeg tussen die genoides rond net asof hulle ook daar behoort. Mercutio en Benvolio gaan aansit by die tafels wat oorlaai is met kos en drank. Maar Romeo is nie honger nie. Hy soek vir Rosaline om eerste met haar te dans. Die musikante het al hul sitplekke op die galery ingeneem en stem hul instrumente. Maar meteens sien Romeo 'n pragtige jong meisie wat met die trappe afgestap kom aan die oorkant van die saal en hy dink nie eens meer aan Rosaline nie. Want daar is Juliet, op haar mooiste, in 'n rok van glinster-silwer en groen en haar hare hang soos ryp koring golwend oor haar skouers. Sy het die middag 'n bietjie geslaap om heeltemal uit te rus en op haar mooiste te lyk. Nou is haar gesig bloesend mooi en in haar oë sprinkel die jeug en geluk.

Asof in 'n droom stap Romeo haar tegemoet. By die voet van die trappe neem by haar hand en sonder 'n woord lei by haar na die middel van die dansvloer waar hulle begin dans. Gou-gou was die dansvloer vol mense en Romeo en Juliet het skoon weggeraak tussen die dansende figure. Hy hou haar digby hom vas en hulle ervaar die wonderlike gevoel van saamwees wat niemand kan verduidelik nie; hulle weet net dat hulle aan mekaar behoort en dat hulle tot aan die einde van hul lewe aan mekaar sal behoort.

Eers toe Juliet se moeder haar roep om met Paris te dans, kry Romeo 'n kans om uit te vind wie die pragtige meisie is en toe eers hoor hy dat sy die dogter van die ou man Capulet is, die vyande van die familie Montague. Ook Juliet het nie geweet met wie sy gedans het nie. Sy is betower deur sy aanraking, deur sy donker oë agter die masker en sy sagte stem wat liefdeswoorde in haar ore fluister. Maar wie is die jongman? Sal sy hom ooit weer sien?

Meteens kry sy 'n plan. Die enigste een wat haar moontlik kon help, was haar ou oppaster wat op die oomblik besig om die gaste te bedien. En terwyl sy Paris tegemoet gaan, fluister sy vir die ou vrou dat sy verlief is op die jongman met wie sy gedans het, die een wat soos 'n pelgrim aangetrek is. Sal die ou oppaster nie asseblief uitvind wie hy is nie? Daarna volg sy haar moeder na die oorkant van die saal waar Paris haar staan en inwag.

Paris is 'n aangename jongman, lank en skraal en grasieus. Sy gedrag is onbesproke en hy is 'n goeie dansmaat en kan goed skerm. Maar sy blou oë is koud en kil en hy het die gewoonte om te glimlag wanneer daar eintlik niks is om te glimlag nie. Toe Juliet en haar moeder hom tegemoet kom buig hy laag en neem Juliet se hand en dans met haar tussen die gaste deur en hy twyfel nie eens daaraan dat sy vir hom lief sal wees en binnekort sy bruid sal word nie. Min weet hy dat die meisie met wie hy dans, haar hart reeds gegee het die jongman met die donker oë, die een wat soos 'n pelgrim aangetrek is.

Die oppaster kry vir Romeo waar hy alleen eenkant in danssaal staan. Hy is nog verslae oor wat met hom gebeur. Hy het hierheen gekom om met Rosaline te dans en haar te vertel hoe lief hy haar het en nou, sonder waarskuwing ontmoet hy die meisie wat sy gedagtes elke oomblik besig hou. Hy kon nou aan niemand anders meer dink nie — Juliet het nou sy gedagtes gevul. En Juliet is 'n Capulet en hy 'n Montague, en die twee families is vyande. Selfs al sou hy daarin slaag om Juliet weer te sien, hoe kan hy vir haar vertel dat hy aan 'n familie behoort wat haar familie haat en wat 'n eed geneem het om vir altyd en altyd met hulle in kwaai vriendskap te lewe?

Romeo is skaars bewus van die ou oppaster toe sy aan sy arm raak. Sy seê vir hom dat haar jong juffrou dit geniet het om met hom te dans en dat sy graag sy naam wil weet. Meteens verdwyn al Romeo se vrees en twyfel. As hy aan homself getrou wil wees, sal hy moet erken wie hy werklik is. Dit sal dalk beteken dat by Juliet nooit weer sal sien nie, maar hy het geen uitkoms nie. Hy skraap al sy moed bymekaarfluister: “Ek is

'n Montague. My naam is Romeo", en terselfdertyd vra hy die ou vrou baie ernstig om dit vir niemand behalwe Juliet te vertel nie. Die ou oppaster skrik eers , maar sy druk Romeo se hand gerusstellend en belowe om die geheim te bewaar. Hierna keer sy terug na die tafel waar sy weer die gaste met wyn bedien. Sy bly egter die hele tyd op die uitkyk of sy nie iewers vir Juliet gewaar tussen gedrang op die dansvloer nie, sodat sy die regte oomblik kan kies om haar die naam te vertel van die kêrel op wie sy verlief geraak het.

Toe Juliet hoor wie Romeo is, word sy yskoud sodat haarself met moeite kan bedwing. Sy is vriendelik teenoor Paris en sy lag selfs opgewek met hom sodat hy nie haar geheim agterkom nie. Maar toe sy saam met haar ouers van die gaste afskeid neem, is haar gedagtes net by Romeo en haar oë soek na hom. Eindelik is dit sy beurt. Hy bedank haar ouers vir die gesellige aand en hy neem haar hand en soen dit, en Juliet bloos en druk haar hand styf teen sy lippe vas. En sy wens met haar hele hart dat hy later vannag

na haar kamervenster sal kom sodat sy vir hom kan sê dat sy hom liefhet en bo alles in die wêreld sy vrou wil wees.

Romeo lees haar gedagtes asof sy dit vir hom hardop uitgespreek het. Hy vertrek saam met sy vriende Mercutio en Benvolio, maar buite in die maanverligte straat vra hy hulle om hom alleen te laat. Hy sou hulle weer die volgende oggend sien. Hulle lag oor sy skielike erns, sê vir hom goeienag en verdwyn in die donker. Romeo is uiteindelik alleen.

Romeo hoef nie lank te wag voordat die ligte in die onderste vertrekke uitgedoof word en die ligte in die slaapvertrekke van die familie Capulet aangesteek word nie. Die strate is stil en vol donker skaduwees. Romeo stap tot in die systraatjie wat agter die Capulets se huis verbygaan. Daar is 'n muur en 'n vrugteboord tussen hom en die huis. Meteens word 'n lig in een van die bovertrekke aangesteek en hy sien die skaduwees van Juliet en haar oppaster afgebeeld teen die gordyne in haar kamer. Dit is

die venster waarna hy soek. Voel-voel stap hy langs die muur totdat hy 'n klip kry wat uitstaan. Hy trap daarop en hys homself tot bo-op die muur. Saggies spring hy af tot in die vrugteboord. Daarvandaan sluip by behoedsaam van boom tot boom tot onder die venster van die vertrek waarin Juliet is, en wag in spanning.

Eindelik gaan die deure op die balkon oop en Juliet verskyn in die maanlig. Sy roep fluisterend sy naam in die skaduwees en Romeo antwoord vanwaar hy onder die balkon staan. Dan, baie saggies en fluisterend, erken hulle hul groot liefde vir mekaar en hoe graag hulle bymekaar wil wees en dat dit hulle seermaak dat hulle families in kwaai-vriendskap lewe. As hulle net kan trou, fluister hulle vir mekaar, sal die twis ook end kry en sal dit 'n seën wees dat hulle mekaar op die dansparty ontmoet het en nie een jongman hoef meer in die strate te sterf nie en almal sal Romeo en Juliet dankbaar wees.

Romeo belowe om die volgende oggend na 'n ou priester te gaan wat hy van sy kinderdae af ken

en liefhet en dat hy hom sal vra om vir hom, Romeo, en Juliet, te trou. Juliet moet net vroeg 'n boodskapper stuur om te hoor wanneer sy na die kerkie moet kom waar die priester vir hulle sal wag. Juliet sê sy sal die ou oppaster om nege-uur die volgende oggend na die kerkie stuur.

Toe leun Juliet oor die balkon en strek haar hand na Romeo uit en hy strek sy hand so ver as wat hy kan na haar uit en hulle hande raak aan mekaar en hulle besef weer eens dat hulle aan mekaar behoort en hulle belowe plegtig dat hulle altyd aan mekaar getrou sal bly. Toe roep die ou oppaster vir Juliet en sê dit is tyd om bed toe te gaan. Hulle neem afskeid en Juliet glip na binne en maak saggies die deur toe. Romeo klim weer oor die muur tot in die straat en dit is asof sy hart sing terwyl hy huis toe stap en nog Juliet se stem hoor wat vir hom fluister dat sy horn liefhet.

Die nag kan Romeo nie aan die slaap raak nie; hy rol om en om. Vroeg die volgende oggend gaan hy na die ou priester en sê vir hom dat hy die einste oggend nog met Juliet wil trou. Die

priester probeer hom eers ompraat en sê Juliet is nog te jonk, maar toe hy sien dat hy Romeo nie kan oorreed nie, stem hy in om hulle daardie selfde oggend nog te trou.

Kort daarna kom Juliet se oppaster by die kerk aan om uit te vind wanneer Romeo Juliet daar verwag. Die ou vrou weet al te goed dat sy Juliet liever moes omgepraat het; sy dink daaraan dat sy self jonk getroud is en 'n gelukkige huwelik gehad het. Boonop het Juliet so mooi gevra dat sy dit nie oor haar hart kon kry om die jong meisie teen te gaan nie. Toe Romeo dus vir haar sê dat die priester ingestem het om hulle daardie oggend te trou, hardloop sy opgewonde huis toe om vir Juliet te gaan sê. Sy was trots dat hulle haar in hulle vertrouwe geneem het.

Sodra Juliet Romeo se boodskap ontvang, sit sy haar mantel om en haas haar na die kerkie waar Romeo op haar wag. Daar omhels en soen hulle mekaar weer en weer en weer asof hulle vir mekaar wil sê, “Ek het jou lief, ek het jou lief, ek het jou lief”, sodat die ou priester hulle laggend

moet herinner waarom hulle na hom toe gekom het. Hulle lag almal opgewonde en gelukkig saam en Juliet gee sommer vir die priester 'n soen en hy neem hulle na die klein altaar binne-in die kerk.

Romeo het glad nie tyd gehad om 'n trouing te koop nie, en daarom het by vroeg die oggend terwyl sy moeder nog slaap na haar kamer gegaan en 'n klein silwer trouing uit haar juweeldosie geneem. Dit was nie 'n kosbare ring nie, en sy moeder sal nie eens agterkom dat dit weg is nie, maar dit het Romeo baie gelukkig gemaak om te dink dat die dogter van die familie Capulet vandag 'n trouing van die familie Montague gaan dra. Dit sal die eerste stap wees om 'n einde te maak aan die kwaai-vriendskap tussen die twee families.

Noudat Romeo en Juliet man en vrou is, gee die ou priester vir hulle 'n kruis van ebehout met 'n Christus-beeld aan die kruis in ivoor en hulle soen dit albei en kniel op die trappies van die altaar en bid God om hulle huwelik te seën. Hulle

dink nie aan die toekoms nie, en hulle weet nie wanneer of waar hulle eendag in 'n huis van hul eie sal woon nie. Hulle weet net hulle is man en vrou, en vir die oomblik is dit vir hulle genoeg. Hulle is getroud, en slegs die ou oppaster en die priester ken hulle geheim.

Terwyl hulle nog stralend van geluk by die altaar staan, sê die priester vir Juliet dat haar ouers dalk al wonder wat van haar geword het en dat sy maar liever moet huis toe gaan voordat hulle onraad merk. Sy belowe vir Romeo om daardie aand 'n tou van haar balkon te laat afsak sodat hy na haar toe kan kom. Sy stap haastig huis toe, vol vertroue dat Romeo al hul probleme sal kan oplos. Op pad haal sy die trouring af en bêre dit in die sak van haar mantel. Miskien sal dit nog lank wees voordat sy dit openlik kan dra, maar selfs hiervoor gee sy nie om nie. Sy kan dit tog altyd om haar nek, na aan haar hart, dra. Sy en Romeo is nou man en vrou en dit is genoeg om haar wonderlik gelukkig te maak.

Romeo het stadig huis toe gestap; sy hart was vol vreugde. In een enkele dag het hy die liefste meisie ontmoet en met haar getrou en daardie aand sou hulle in mekaar se arms lê. Op die oomblik was dit vir hom genoeg.

Mercurio en Benvolio kon natuurlik nie hulle monde hou nie. Hulle vertel in die dorp rond dat hulle saam met Romeo die dansparty in die huis van die familie Capulet bygewoon het en dat niemand hulle herken het nie. Hulle vertel selfs hoe Romeo met Juliet gedans het, terwyl hy haar styf vashou en diep in haar oë staar soos 'n minnaar. Dit was nie lank nie of Tybalt hoor daarvan. Hy is Juliet se neef en hy word so kwaad toe hy hoor hoe Romeo se vriende met die storie loop en spog dat hy dadelik sy swaard gaan haal en vir Romeo in die strate gaan soek.

Intussen weet Mercutio en Benvolio nog nie dat Romeo en Juliet daardie oggend getroud is nie. Hulle nooi vir Romeo om 'n glasie wyn saam met hulle by die herberg te kom drink. Mercurio is opgewek en laat vir Romeo en Benvolio skaterlag

met sy nabootsing van die ou man Capulet , die gaste en die ou oppaster. Toe verskyn Tybalt meteens in die deur van die herberg. Hy is woedend. Sy swaard is reeds uit sy skede en hy daag Romeo tot 'n tweegeveg uit. Maar Romeo weier, want Tybalt is Juliet se neef en as by iets oorkom, sal Juliet dit nooit vir Romeo vergewe nie.

Aan die ander kant kan Tybalt se uitdaging nie geïgnoreer word nie, want dan sal die dorpsmense dink Romeo en Mercutio en Benvolio is almal lafaards. Mercutio bied dus aan om teen Tybalt te veg. Hy het ook al sy swaard uitgepluk en gou is die twee jongmans in 'n verbete stryd gewikkel. Hul swaarde glinster in die sonlig en die twee vegters beweeg dan vorentoe, dan agtertoe soos eers die een die oorhand kry en dan die ander. Maar Mercutio is 'n goeie swaardvegter en hy dryf Tybalt teen die muur en wou hom net die doodsteek gee toe Romeo tussenbeide kom. As Mercutio vir Tybalt doodmaak, sal dit net so erg wees as wat Romeo dit self gedoen het. Hy probeer Mercutio

bedwing en druk hom weg, maar Tybalt steek meteens sy swaard onder Romeo se arm deur en deurboor Mercutio se hart sodat hy sterwend voor sy twee vriende ineenstort.

'n Paar oomblikke lank hou Romeo en Benvolio Mercutio se liggaam in hulle arms vas, terwyl hulle tevergeefs hoop dat sy wond nie so dodelik ernstig is as wat dit lyk nie. Getrou aan sy geaardheid sterf Mercutio soos hy gelewe het, met 'n grappie op sy lippe. Toe Romeo hom vra hoe erg die wond is, antwoord hy: “As jy more na my soek, sal jy my met 'n grafgesig vind.” Dit kan twee dinge beteken: Die volgende dag sal hy nie grappies maak nie, maar met 'n lang, ernstige gesig rondloop, of dat hy dood, reg vir die graf, sou wees. Hy het natuurlik geweet hy was besig om te sterf.

Romeo is nou baie jammer dat by die twee jongmans uitmekaar uit probeer maak het. As hy dit nie gedoen het nie, het Mercutio dalk nog geleef. Maar nou is Mercutio dood en dit is Tybalt wat hom doodgesteek het. Romeo gee

nou ook nie meer om dat Tybalt Juliet se neef is nie. Hy wil Mercutio se dood wreek. En toe Tybalt hom uittart en hom 'n lafaard noem, trek Romeo sy swaard uit en storm woedend op Tybalt af. Die geveg is van korte duur. Selfs onder normale omstandighede is Romeo 'n goeie swaardvegter, maar nou kan niks hom in sy woede stuit nie. Hy dryf Tybalt terug en wond hom aan die arm sodat sy swaard kletterend op die vloer val. Maar Tybalt weier om in te gee. Hy ruk sy dolk uit en storm op Romeo af.

Romeo wil Tybalt 'n gelyke kans gee en ruk sy dolk ook uit. Die twee jongmanskerm en stoeiteen mekaar soos twee stoeiers in die kryt. Maar Romeo is te sterk vir Tybalt en toe hy 'n opening kry, deurboor by Tybalt se hart sodat hy sterwend op die vloer inmekaar sak.

Toe eers beseft Romeo dat hy gedoen het presies wat hy nie wou hê Mercutio moes doen nie. Hy het die neef doodgemaak van die meisie wat 'n paar uur gelede sy vrou geword het en wat vanaand vir hom sal wag sodat hulle soos man en

vrou bymekaar kan wees. En meteens onthou hy die wet wat die Prins gemaak het.: enige iemand wat in die straat baklei, sal ter dood veroordeel word. En tog, sê Romeo vir homself, as hy Tybalt nie doodgesteek het nie, sou Tybalt hom doodgemaak het. Hy staan daar verward by die lyke van Mercutio en Tybalt en wonder by wie hy sal gaan hulp soek.

Benvolio beseft die moeilikheid waarin sy vriend verkeer en bied aan om vir die Prins te gaan verduidelik wat gebeur het. Hy sal vir die Prins sê dat Romeo eers nie aan die tweegeveg met Tybalt wou deelneem nie en hoe Mercutio in sy plek gekom het en hoe Mercutio se dood veroorsaak het dat Romeo sy hurneur verloor het. Intussen moet Romeo na die kerk toe gaan en daar wegkruip totdat Benvolio vir hom kom sê wat die Prins se antwoord is.

Die Prins het geduldig na Benvolio se storie geluister, 'n rukkie daarvoor nagedink en toe 'n baie verstandige besluit geneem. Hy kan nie die wet verbreek wat hy 'n paar weke gemaak het

nie, maar by besef dat Romeo sy bes gedoen het om nie by die tweegeveg betrokke te raak nie. Hy kan dus nie ter dood veroordeel word nie. Maar onwetend dink die Prins 'n straf uit wat amper net so wreed is. Romeo moet Verona binne vier-en-twintig uur verlaat en nooit weer terugkom nie. As hy weer in die dorp gevang word, sal hy onthoof word.

Romeo weet hy moet doen wat die Prins beveel, maar hy weet ook dat hy nooit sonder Juliet kan lewe nie. Daar is net een uitweg. Hy sal vannag vir Juliet gaan besoek en moreoggend vroeg vertrek na die dorp Mantua daar naby waar hy nie onder die wette van Verona sal wees nie. Later kan Juliet ook daarheen kom om by hom te wees. Dit sal nie maklik wees om van mekaar afskeid te neem nie, maar gelukkig sal dit nie vir lank wees nie en op die ou einde sal alles tog regkom.

Juliet was geskok om die nuus van Tybalt se dood te verneem, maar nog meer geskok toe sy hoor dat Romeo, haar man, hom doodgesteek het.

Eers nadat sy die hele storie gehoor het, kry haar liefde vir Romeo die oorhand oor haar gevoelens en wens sy dit moet aand word sodat sy vir Romeo kan sê dat sy alles verstaan en dat dit nie sy skuld is dat Tybalt dood is nie.

Intussen het Romeo ongeduldig in die kerkie gewag dat dit moet aand word. Hy wou so graag alles vir Juliet verduidelik, net so graag as wat sy vir hom wil sê dat sy alles verstaan. En toe dit donker genoeg is, stap hy versigtig deur die stil strate tot by die huis van die familie Capulet en hy klim oor die muur tot in die vrugteboord soos die vorige aand toe hy vir Juliet van sy groot liefde vir haar kom vertel het. En daar teen die muur af, hang die tou wat Juliet vir hom laat sak het, met stewige knope daarin wat hy kan gebruik om tot by haar op te klim.

Romeo klim met die tou tot op die balkon waar hy die tou optrek en oprol. Die deur gaan oop en Juliet val in sy arms terwyl hulle albei deurmekaar lag en huil. Hulle liefkoos mekaar, want hulle weet dit is dalk die enigste nag vir 'n

lang, lang tyd — miskien vir altyd — dat hulle bymekaar sal wees. En toe die eerste opwinding verby is, lei Juliet hom na die kamer en hulle dink nie eens aan die tragedie van die dag nie en hulle word een soos 'n man en 'n vrou moet wees en soos die ou priester daardie oggend vir hulle gesê het hulle sal wees en toe raak hulle in mekaar se arms aan die slaap en dit is komplete asof hulle die enigste mense op die wêreld is, so naby is hulle aan mekaar.

Die volgende oggend maak Romeo vroeg gereed om te vertrek. Juliet soebat hom om langer te bly, maar hy moet gaan voordat die huismense wakker word. Hy moet ook nog sy paar persoonlike besittings gaan inpak en sy moeder en sy vader gaan groet voordat hy na Mantua vertrek. Hy belowe vir Juliet dat hulle gou weer saam sal wees. Die familie Montague het goeie vriende in Mantua en Romeo is seker hy sal by een van hulle kan woon. Dan sal hy vir Juliet laat weet sodat sy na hom toe kan kom, miskien sommer volgende week al. Hulle soen en omhels mekaar inniglik. So neem hulle afskeid.

Maar dit is nie so eenvoudig nie. 'n Mens kan jou skaars voorstel hoe Juliet moes voel toe haar moeder en vader haar later daardie oggend kom sê dat alles gereël is en dat sy en Paris oor 'n week gaan trou. Die Prins het ingestem om die heildronk op die bruidspaar in te stel en vir hulle 'n klein huisie in die tuin van die paleis gegee waar hulle kan woon. Die ou man Capulet is buite homself van opgewondenheid. Dat die familie Capulet nou sulke verneme mense gaan word! Juliet word doodsbleek en moet haarself bedwing om nie in tranes uit te bars nie. Dit voel vir haar of sy gaan flou word. Hoe kan sy vir haar ouers vertel dat sy al klaar getroud is en dit nogal met 'n Montague, die moordenaar van haar neef, Tybald! By wie kan sy gaan hulp soek?

Dit is die ou oppaster wat met 'n plan vorendag kom. Waarom gaan sy nie by die priester raad vra nie? Hy was tog die een wat vir haar en Romeo getrou het en Romeo het in sy kerk gaan wegkruip toe hy in gevaar was. Hy is 'n vriendelike en verstandige ou priester, en as iets gedoen kan word, sal hy weet wat om te doen.

En dus, net 'n paar uur nadat sy getroud is, gaan Juliet weer terug na die kerkie en die ou priester. Sy kniel by die altaar en se dankie vir Jesus omdat hy Romeo in haar lewe gebring het en dat hy haar liefhet en sy smee die ou priester om haar te help om haar huwelik met Paris so lank moontlik uit te stel sodat sy vir Romeo kan laat weet wat gebeur het en dat hy haar moet kom haal en met hom moet saamneem Mantua.

Hy kan tog aan'n plan dink, sê die priester, maar dan moet Juliet dapper wees en maak nes hy sê. Hy het 'n seldsame middel, sê hy, wat haar vir twee-en-veertig uur so vas sal laat slaap dat dit lyk asof sy dood is, en haar hart sal skaars klop, sy sal byna nie asemhaal nie en haar liggaam sal koud en swaar word. Hy sal vir haar van die middel gee en sy moet daarvan drink die aand voordat sy met Paris gaan trou. Die volgende oggend sal haar ouers dink dat sy gif gedrink het, en hulle haar langs haar neef Tybalt in die grafkelder van die familie Capulet weglê. Dan sal die ou priester 'n boodskap na Romeo stuur om hom te laat weet wat gebeur het. Romeo sal

dadelik na Verona terugkom en vir Juliet in die grafkelder kom haal waar sy gereed sal wees om saam met hom Mantua te gaan sodat hulle daar gelukkig, openlik as man vrou, kan saamwoon.

Ai! Dit was iets vreesliks om van 'n jong meisie te vra. Die grafkelder is groot en koud en uitgekop uit 'n rots met terrasse waarop die dooies van baie geslagte van die familie Capulet weggeleë is, nie in doodskiste soos vandag nie, maar aangetrek in hul klere soos hulle gelewe het, en deur die jare heen het liggame vergaan en geraamtes geword. Juliet sidder by die gedagte dat sy in die koue grafkelder tussen al die leweloze liggame moet wakker word, maar dan onthou sy dat Romeo die eerste sal sien as sy haar oë oopmaak en dat hy haar met hom saam na Mantua sal neem en dat hulle daar gelukkig as man en vrou sal saamwees. Sy is bereid om enigiets te doen solank sy net nie met Paris hoef te trou nie en weer by haar dierbare Romeo kan wees.

Toe Juliet by die huis terugkom, is almal druk besig om voorbereidings te tref vir haar huwelik met Paris: die bruidsrok en rokke vir die bruidsmeisies word gemaak, halssnoere, fyn satynskoene en silwergordels, alles vir die groot dag. Die blomme het die hele huis versier.

Juliet bêre die medisyne in die laai van haar bedtafeltjie. Toe stap sy deur die huis en maak asof sy die opgewondenheid geniet; sy pas haar bruidsrok aan, gaan loer in die kombuis waar die kokke die bruilofsmaal voorberei en sy lag en gesels so opgewek dat niemand haar planne agterkom nie.

Maar toe sy die aand in haar slaapkamer kom, begewe haar moed haar. Sê nou net die medisyne werk nie! Sê nou net die ou priester het 'n fout begaan en vir haar gif gegee wat haar aan die slaap maak sodat sy nooit weer wakker word nie? Sê net Romeo daag nie betyds op nie en sy moet daar in die yskoue grafkelder sonder kos en water vir dae aaneen, miskien vir altyd, vir hom wag?

Maar toe dink sy weer aan Romeo en hoe baie sy na hom verlang en sy onthou sy liefkosings en sy soene. Hiervoor kan sy enigiets waag, erken sy teenoor haarself; hiervoor kan sy selfs haar lewe waag. Sy stuur 'n skietgebedjie op en vra vir Jesus om vir Romeo te bewaar en hom gou weer na haar toe terug te bring, en sy sluk gou die medisyne weg en gaan lê op haar bed en val in 'n diepe slaap, net soos die ou priester gesê het. Sy haal skaars asem.

Terwyl dit alles gebeur, is die ou oppaster diep bekommerd. Sy weet Romeo en Juliet is getroud. Sy weet ook dat sy hulle gehelp het om te trou en dat sy die skuld sal kry as haar ouers dit agterkom. Maar sy sal maak asof die huwelik nooit plaasgevind het nie, dat jong impulsiewe meisies maar sulke dinge doen sonder om aan die gevolge te dink of dat dit maar net 'n ongeluk was. Juliet gaan met Paris trou, sê sy vir haarself, in 'n mooi kerk en met klokke wat lui en die orrel wat die troumars speel en deftige gaste; en die ryk bruidegom sal die kerk ingestap kom en dit sal 'n regte huwelik wees! Juliet sal vir Romeo

gou vergeet en dan sal alles weer wees soos dit moet wees. Dit is wat die ou oppaster gedink het toe sy die volgende oggend in Juliet se kamer kom om die jong meisie wakker te maak.

Eers dink sy dat Juliet net vas slaap, maar toe sy aan haar raak en haar koue liggaam voel, gee sy 'n gil van ontsteltenis en hardloop die kamer uit. Binne 'n ommesien is die hele huis in rep en roer. Juliet is dood. Pleks van 'n huwelik sal dit nou 'n begrafnis wees en Juliet sal in die grafkelder van die familie Capulet weggeleë word.

Die ou man Capulet is buite homself van verdriet en beveel dat Juliet se liggaam weggehaal en in haar trourok in die grafkelder weggeleë moet word met haar goud-rooi hare los oor haar skouers, haar hande oor haar bors gevou en met haar silwer sandale aan.

Eers toe die diep bedroefde oppaster die liggaam gereed maak om weggeleë te word, sien sy die silwer trouring om Juliet se hals, so na aan haar hart. Toe dink sy weer aan Romeo. Sy dink nou glad nie meer aan Juliet se huwelik met Paris, die

'regte huwelik' waarna sy so uitgesien het nie. Die jong meisie wie se liggaam sy versorg, is reeds getroud. Sy is met Romeo getroud. Romeo is haar man en Romeo moet haar sien voordat hulle haar gaan weggeleë en die ysterdeure van die grafkelder toegrendel. Op een of ander manier moet sy 'n boodskap na Mantua stuur en Romeo laat weet dat Juliet dood is.

Sy skryf gou 'n kort boodskap: 'Kom gou— Juliet is dood en word more begrawe'. Maar hoe gaan sy die boodskap by Romeo kry? Meteens onthou sy die ou priester. Hy sal haar kan help. Romeo moes tog vir hom gesê het waarheen hy gaan. Sy trek gou aan en hardloop na die kerkie.

Nadat Juliet vroeër die oggend van hom of weg is, het die priester 'n boodskap aan Romeo gestuur om te se dat hy diepslaap-medisynegene vir Juliet gegee het sodat haar huwelik met Paris nie kan plaasvind nie en dat Romeo dadelik na Verona moes terugkom. Hy moes dadelik na die Capulets se grafkelder gaan, waar by Juliet moes opwek om haar met hom saam te neem na

Mantua. Maar toe die oppaster vir hom kom sê Juliet is dood en hom vra om alles in sy vermoë te doen om vir Romeo te laat weet, moes die ou priester gou 'n plan beraam.

As hy vir die oppaster vertel dat hy die medisyne vir Juliet gegee het en dat sy weer sal wakker word, kan sy dalk alles uitlap en die hele plan verongeluk. Die ou man Capulet sal net wag totdat Juliet wakker word en haar dwing om met Paris te trou. Die priester is seker Romeo het al sy eerste boodskap gekry en is al op pad na Verona. Daarom besluit hy om die oppaster se brief met die volgende boodskapper te stuur.

Maar dit gebeur nie altyd soos 'n mens wil hê nie. Die lewe is vol foute en snaakse wendinge, vol misverstande. Toe die boodskapper met die priester se eie boodskap, waarin hy vir Romeo vertel dat Juliet net slaap, buite Mantua kom, verneem hy dat 'n plaag in die stad uitgebreek het en dat hy nie die stad mag binnegaan nie. Hy besluit om te wag totdat die plaag verby is. Dit is waarom Romeo nooit die priester se boodskap

ontvang het waarin by hom vertel van die medisyne wat by vir Juliet gegee het en dat Romeo haar moet kom haal nie.

Die tweede boodskapper met die oppaster se brief het Mantua sonder moeite bereik en die brief aan Romeo gegee by die huis waar die priester gesê het by hom sal kry. Romeo is verslae toe by hoor Juliet is dood. Dit is asof die hele wêreld om hom ineens stort. Daar is geen hoop meer op 'n lang en gelukkige lewe vir hom en Juliet nie. Hy besluit dadelik. As Juliet dood is, sal hy ook sterf; daar bly vir hom niks meer oor om voor te lewe as sy dood is nie. Hy gaan koop 'n botteltjie gif by 'n vriend in Mantua, genoeg om hom oombliklik dood te maak, en vertrek na Verona.

Toe Romeo by die grafkelder in Verona aankom, hoor hy voetstappe in die nag. Dit is Paris. Die jongman bring blomme om in die grafkelder te plaas en om van Juliet afskeid te neem. Toe by Romeo sien, vlam sy woede op en by ruk onmiddellik sy swaard uit. Romeo het vir Tybalt

doodgesteek en Paris dink dat Juliet so oor haar neef se dood treur dat sy haar eie lewe geneem het. Nou kan Paris wraak neem en hy storm op Romeo af. In die helder maanskyn, voor die grafkelder van die Capulets waar Juliet lê, veg die twee jongmanne op lewe en dood. Maar soos in sy geveg met Tybalt is Romeo weer die sterkste en hy dryf Paris terug tot teen die ysterdeure van die grafkelder en deurboor hommet sy swaard sodat die blomme wat Paris vir Juliet bedoel het rooi gekleur word deur sy eie bloed. En hy vra sterwend vir Romeo om sy liggaam langs dié van Juliet neer te lê. Romeo maak die deure van die grafkelder oop en dra Paris se liggaam in om aan sy laaste versoek te voldoen. Die grafkelder is koud en klam en donker, maar Romeo sien Juliet waar sy tussen die kranse en die blomme lê. Nou is dit al byna twee-en-veertig uur sedert Juliet die priester se medisyne gedrink het en as Romeo net 'n rukkie gewag het sou sy wakker geword en horn met 'n uitroep van blydschap begroet het. Maar Romeo het net die oppaster se brief wat hom laat weet dat Juliet dood is en hy het niks

van die ou priester se plan geweet nie. En hier voor hom lê Juliet, koud en skynbaar dood. Hy haal die botteltjie gif uit sy sak uit en drink dit en val sterwend in haar arms terwyl hy uitroep, “My liefeling, my vrou, ek kom na jou toe!”

Asof deur 'n wonderwerk bring Romeo se lippe en die warmte van sy liggaam Juliet na die lewe terug. Sy is nog koud en vir 'n paar oomblikke bly sy doodstil lê terwyl sy wonder waar sy is en waarom sy haar trourok aanhet en waarom Romeo hier by haar in die grafkelder is. Stadig, baie stadig begin sy alles onthou. Romeo het haar kom haal om saam met hom na Mantua te gaan en toe hy sien sy slaap, het hy langs haar kom rus van sy lang reis om te wag totdat sy wakker word.

Maar toe sy vergeefs na hom roep en die leë botteltjie sien besef sy wat gebeur het. En in die sak van sy doeblet kry sy haar oppaster se brief. Sy staan op en stap na die deur van die grafkelder en in die lig van die maan lees sy: 'Kom gou -Juliet is dood en word môre begrawe'.

Nou beseef sy dat die priester se brief Romeo nooit bereik het nie, net hierdie boodskap van haar oppaster wat gedink het sy is werklik dood. Romeo het sy eie lewe geneem omdat hy nie sonder haar kan lewe nie.

Juliet kniel langs Romeo se liggaam terwyl sy haar aan die verdriet oorgee. En alles word vir haar net so duidelik as vir Romeo toe hy die tyding van haar dood ontvang het. As hy besluit het om saam met haar te sterf, kan sy dit vir hom ool doen. Sy trek Romeo se dolk uit die skede uit, deurboor haar eie hart daarmee en sak sterwend op sy liggaam neer.

Intussen het die ou priester begin wonder wat van die boodskapper geword het. Waarom het hy niks van Romeo gehoor nie? Hy besluit om die boodskapper te gaan soek en tot sy ontsteltenis, kry by homnog by die herberg halfpad tussen Mantua en Verona. Nou vrees die priester die ergste. Hy haas hom terug na Verona, na die grafkelder waar hulle Juliet se liggaam weggeleë het. Daar kry hy die deure van

die grafkelder oop en hy sien die lewenslose liggame van die drie jongmense in die lig van sy lantern. Sy plan het misluk. A wat hy nou kan doen, is om te kniel en God te bid om hulle siele genadig te wees en hom sy rol in hierdie groot tragedie te vergewe.

Voordat Romeo gesterf het, het by die silwer trouing van Juliet se hals afgehaal, die ring wat aan sy moeder behoort en wat hy gehoop het 'n einde sou maak aan die twis tussen die twee families, die ring wat hy aan Juliet as haar trouing gegee het. En toe, net voordat hy sterf, steek Romeo die ring aan Juliet se vinger sodat die hele wêreld kan sien dat hulle getroud is, dat hulle man en vrou is.

Maar wat hy nie geweet het nie en miskien eers in die hemel uitgevind het, is dat 'n trouing nie genoeg is om 'n einde aan die bitter twis te maak nie. Juliet moes sterf, en Romeo en Paris en vroeër ook Tybalt en Mercutio voordat daar vrede tussen die twee families sou kom.

Maar nou is die twis eindelijk verby. Die oppaster en die priester vertel wat gebeur het en daar in die maanlig by die grafkelder steek die Prins van Verona sy arms na die twee ou mans, Capulet en Montague uit en hulle word versoen. Hulle omhels mekaar en belowe met 'n eed dat hulle voortaan in vrede met mekaar sal lewe ter herinnering aan hulle kinders.

Hierdie droewige verhaal leer vir ons om mekaar te vergewe en dat net die liefde die haat in die wêreld kan oorwin. Dit is nie maklik nie, maar die verhaal van Romeo en Juliet kan ons help om dit te doen.

